

Skriflesing: Haggai 2:2-10; Sagaria 4:10

Teks: **Haggai 2:4d-9**

Sing- Ps. 122:1,2; Ps. 128:4; Ps. 130:4; Ps. 102:11,12

Wanneer ons hierdie gedeeltes uit die twee profesieë lees, broeder en suster, dan is ons by twee dienaars van die Here wat naby mekaar gestaan het, naby mekaar geleef het, naby mekaar gewerk het. Haggai, Sagaria, tussen die twee manne se werk is daar maar paar maande verskil, maar tussen hulleself geen verskil nie. Dit wat Haggai skrywe en 'n paar maande later Sagaria wil ek vandag ons teks by hierdie besondere geleentheid van die doop van Helena na vore bring. Daar is by beide die profete 'n toestand onder die kinders van die Here wat vir ons vandag nie vreemd is nie. Baie mense is moedeloos, baie selfs ietwat verbitterd, mense wat wil glo dat hier is so baie dinge verkeerd, dinge gaan net nooit weer regkom nie. Die politieke werklikheid van ná 1994 het ons in baie van hierdie gevoelens net nog 'n swarter kombes oor onself laat trek. Die toekoms lyk vir baie so donker en dit terwyl die paar druppels water op 'n kindjie se voorkop kon blink. Watter toekoms het hierdie kind sal baie dalk wou vra en die donker kombes net nog vêrder oor die koppe trek.

Geliefdes, ek sien dat ons uit ons teksverse na die volgende drie sake kan kyk. 1. 'n Moedelose volk. 2. 'n Ernstige oproep. 3. 'n Begeesterde begroning.

'n Moedelose volk:

Vroeër was die Salomo-tempel 'n indrukwekkende gebou. Dit het uitgestaan. Almal was beïndruk, die meeste het geglo dit kon nie beter nie. Daar op die berg Sion sou die tempel wat Salomo gebou het mense laat uitroep- Die Here se tempel... die Here se tempel. Al sou hulle nog vêr in die buitewyke van Jerusalem die stad nader dan was daar al die indruk wat hierdie tempel hierdie volk na hulle geloof asems laat snak. Dit kan nie beter nie.

Toe kom 586vC en Nebukadnesar kom met sy Babiloniese magte en hulle vee die tempel gelyk. Alles word weggevat, die goud, die silwer, dit wat hierdie gebou laat blink het word na Babel weggevoer. Die tempel is totaal en al verwoes. Dit was nou net 'n ruïne en niks meer nie. 'n Plek waar die uile snags sou roep maar geen altare sou meer daar brand nie. Hierdie eensame eerlose plek laat die balling dit uitroep dat hoe kan ons dit vergeet, die verlange na wat was en dit is nie meer nie. Psalm 137:5- **5** *As ek jou vergeet, o Jerusalem, laat my regterhand dan homself vergeet!* Wat wil die digter nou eintlik sê- hy moet die stukkende Jerusalem aanskou, hy kyk na die stad, hy kyk na sy hand, 'n hand wat hy in 'n vuus sou wou vou, wat sal dit help... niks...

Maar sowat 50 jaar later, wie sou dit kon dink dat toe die Perse en Meders, koning Darius die nuwe wêreldheerser, toe is die politiek ook anders. Hierdie nuwe koning soek nie al die vreemde volke hier rondom hom, dat hulle mekaar op een hoop moet vasdruk nie. Hy wil dat al die vreemde volke na hulle lande moet gaan. Hulle bly wel onderdane van hierdie ryk maar sou hy die politieke mag daar laat geld. Die Joodse ballinge kry opdrag om na Jerusalem terug te keer, sowaar dit klink al hoe mooier, hulle kan die tempel herbou. Let wel baie Jode besluit anders. Hulle wil nie teruggaan nie, selfs die ballingskap was vir hulle ná alles die besluit ons bly waar ons bly. So staan ons nie verbaas hoe mense selfs in sulke droewige omstandighede uiteenlopende besluite kon neem nie. Dit daargelaat...

Die fokus skuif na hulle wat geroep was om te trek, om terug te keer, om te bou, om die lewe soos in die ou Jerusalem sy eie glorie te laat herleef. So is daar geglo! Die lang pad terug, uit die noorde na die suide, oor berge, ja daar kom hulle naby Jerusalem en mens kan jou indink hoe is daar tog 'n gees van opgewondenheid. Hulle wat so na die dag verlang het. Ja, die gedagtes dat die tempel herbou moet word sou sterk voorop staan. En nou kom hulle daar, broeder en suster en dit is slegter as wat hulle hulself kon voorstel. Niks is reg en goed nie.

Tog is dit moedige manne en vroue. Hulle begin die altaar herstel, hulle begin waar daar weer geoffer kan word, hulle wil op die ou fondamente werk, want al wat daar is, is fondamente, daarop sal hulle wil bou. Nou vorder hulle, maar vorder hulle werklik?! Die pessimiste, die moedeloses, die verwardes, die jaloerses, pleks hulle mekaar besig hou, maar nee as die bouers besluit ons kan wel feesvier, ja die fees van die baie herhaalde woorde- Psalm 136 se fees, waar elke sinsnede afgesluit word met die wonderlike versekering- God se goedertierenheid is tot in ewigheid. Dit slaan in die Psalm soos 'n hamer wat die spyker al dieper wil inslaan- *sy goedertierenheid is tot in ewigheid*. In al 26 verse sou dit oor die tempelplein weerklink. Woorde dra mekaar maar mense kry mekaar baie keer nie gedra nie.

Die ou manne en vroue begin sommer te huil, kyk hoe lyk hierdie plek nog, ons is hier om fees te vier, maar kyk hoe pateties lyk dit, hier is van Salomo, van sy tempel eintlik nie te sien nie. Dit lyk so anders, so minderwaardig, dit lyk vir hulle asof dit eintlik goedkoop is. Waar is al die goud wat Dawid vir die tempel laat opgaan het, waar is daardie pragtige seder balke wat Salomo uit die Libanon laat aandra het. Die jongmense sou dit moes aanskou, waarom huil die oumense waar ons eintlik fees moet vier, waarom moet ons heeltyd hoor dat die oue

was darem beter. Die gejuig van die jonges en die gehuil van die oues kan deurmekaar klanke word... Onthou- woorde dra mekaar maar mense kry mekaar baie keer nie gedra nie.

Die fees is verby en nou moet daar wéér gewerk word. En skielik is die tempelbou nie meer prioriteit nie. Alles wat negatief ingewerk het, begin nou selfs deur te werk. Ek het 'n eie huis, 'n eie eie gesin, 'n eie lewe, dit moet darem nou ook eerste gestel word. As ek nie geld maak nie, wie gaan vir my sorg. Dit word daar al hoe meer, dieper Jerusalem ingesê! Die godsdiens kan mos maar nou met hierdie tendens deurgaen, die paar priesters daar by die tempel moet hulle offers laat brand, nou moet ons na ons eie sakke begin kyk.

Broeder en suster, as u Haggai en Sagaria sien, dan is dit vanuit hierdie agtergrond wat hulle met ons praat. Mense wat met ywer, met entoesiasme met geloof wou begin, maar hulle het so moedeloos geword dat hulle dit nie kon volhou nie. Haggai praat eerste, Sagaria net so paar maande later. Die volk is nou al 16 jaar terug en moedeloosheid het hulle na hulle eie huise laat hardloop. Wat sal God se huis my help. Baie van ons oudste mense met ons hier aangekom is nou ook dood, die wat 15 jaar was toe ons hier aangekom, is nou ook al oor die 30, ons het regtig nog nie gevorder nie. Dit sou baie daar vir mekaar wou sê, maar broeder en suster, is dit wat hulle van die Here sou hoor. Sou die Here hulle dieper hulle moedeloosheid inpraat of is daar nie baie groter, heerliker werklikhede en waarhede waarmee daar gereken moet word nie. Ons tweede gedagte is dan die-

Baie ernstige oproep-

Geliefdes ons het gewys dat die volk is al 16 jaar terug in hulle land. Wanneer Haggai praat, ons het gelees dit was die een-en-twintigste van die sewende maand, ja dit wil lyk dit was die 18de Oktober 520vC. God se Woord kom tot hulle met 'n baie ernstige oproep. Daardie woorde in vers 4 is iets van 'n inleidende oproep. Dit is die laaste dag van die Loofhuttefees, maar die vors, die hoëpriester, die volk, almal is somber en moedeloos. Sagaria 4:7 wys hoe Serubbabel die werk wat voor hulle lê soos 'n groot berg voor hom sien lê. Die kern is, moet nie moed verloor nie, intendeel SKEP MOED!

Watter gronde, watter aansporing, watter motiewe, ja wat is die rede wat maak dat mense moed kan skep. Dit is waarna ons moet soek. Broeder en suster, dit staan in 'n kort sin, dit staan dalk so weggesteek daar in v.4 maar laat ons dit raaksien. *Want Ek is met julle, spreek die HERE van die leërskaare...* EK IS MET JULLE. Dit is die kernboodskap waarmee die volk van hierdie fees mag weggaan. Daarom kan ons moed skep. Dit is 'n belofte wat

dwaarsdeur God se Woord keer op keer ons vasgryp. Julle wat vandag julle kindjie kon doop. Dit is die grootste, die eerste, die belangrikste wat ons vir julle en hierdie kindjie die toekoms mag instuur. Weet dat die Here met julle is. Dit gaan nie om maar 'n moralistiese trooswoordjie nie, hier het op die oog af nou iets klein gebeur, 'n kindjie is gedoop, nou sal daar groot dinge kan gebeur nie, of hierdie is maar 'n klein gebeurtenis in die groot plan van die Here, ja kom ons by die morele en die moralistiese verbykyk... die oproep word net ernstiger.

Die Here gee deur Haggai eintlik twee besondere redes waarmee hulle moedig en vol vreugde van daardie fees kon weggaan. Die eerste is omdat Ek die Here met julle is ooreenkomstig my Woord met wat Ek aan julle belowe het, het Ek julle uit Egipte uitgelei. Die Here gee sy beloftes nie 'n moralistiese basis nie, maar 'n openbaringshistoriese grondslag. Die tweede wat met hierdie eerste gelykstaan, omdat die Here sy Woord gee, histories het die Here gedoen wat Hy van die begin af sê, elke tree uit Egipte was God met hulle, daarom is die tweede belofte onlosmaaklik aan die eerste gebind. My Gees sal in julle midde bestendig bly. 'n Vaste Woord, 'n bestendige Gees, ja die Heilige Gees sal bestendig by hulle bly, dan het 'n mens werklik rede om nie bevrees te wees nie. Soos wat die Here hulle ook oproep.

Julle kan met die tempel bou voortgaan, ja skep moed en weet dat die Here se werk sal deurgaen. Bly glo, ook julle wat vandag die belofte van die Here by hierdie doop ontvang het, dat die koninkryk van die Here is aan die kom, ondanks ons, maar ook deur middel van ons. Wie verag die dag van hierdie klein dinge. Die klein dinge kry groot betekenis omdat God deur sy beloftes daarby betrokke is en daarby betrokke sal bly. Ja, die poorte van die hel sal ons nie oorweldig nie.

Op die einde sou Jerusalem kon aanskou dat waar die fundamente reg is, is dit nie nodig om nuwe fundamente te lê nie. Al is die gebou op die regte fundamente gelê, die gebou nou nie so groot en indrukwekkend soos wat die tempel van Salomo was nie, maar as dit in wese dieselfde fundamente is, dan is dit eintlik al wat tel. Ja, dit laat ons die Nuwe Testament hoor waar die Here aan sy gedoopte kinders sê- op hierdie rots sal Ek my kerk bou. As daar op die regte rots gebou word, dan is die kerk goed gebou, al mag dit in baie se oë nie goed lyk nie, maar dit is die troos van die klein dinge. God se werk gaan deur, ondanks ons maar ook deur ons. God bly met ons besig soos wat Haggai en Sagaria dit elk op hulle eie unieke manier na vore kon bring. By Haggai is die mense se opmerking by hierdie tempel dit lyk vir ons soos

'n niks... *En hoedanig sien julle dit nou? Lyk dit nie net soos niks in julle oë nie?* By Sagaria sien hulle dit as so klein- wie verag die dag van die klein dinge... Daarom het ons vanuit die heerlike en ernstige oproep om werklik moed te skep, ook ons derde en laaste gedagte- hier staan-

'n Begeesterde begroning

Ja, begeesterd wil ek goed en reg omskryf dat dit nie maar 'n mens se opgewonde begeesterdheid kan wees nie, maar dit gaan om die groter Gees, die ware Gees, die Heilige Gees van God. Met Hom gaan ons die toekoms in. Begeesterd die toekoms in.... Dit is die troos as ons voel ons vorder nie, ons doen sulke klein dinge, wat mense sou sê, julle doen eintlik niks, weet dat die groot dinge sal die Here laat gebeur. Die hemel en die aarde, die droë grond sou na 'n rukkie kon bewe, hoe groot die aarde mag wees, dit sou bewe voor God se magtige woord. Die natuur, die hele natuur sal beweeg, die HERE spreek nie maar net verbondswoorde nie, maar Hy doen ook verbondsdade.

Ja, julle mag voel die oue was beter, maar wat maak dit saak. Werk met die huidige, werk met die nuwe, want by God is daar nie verandering of omkering nie, God lê die fundamente waarop ons maar net op moet bou. Die goud en die silwer wat die ou tempel laat blink het, is steeds God se goud, God se silwer, niemand kan dit van God wegneem nie. Die natuur bewe, die kultuur lewe, goud, silwer, al die skatte van die nasies, dit alles is in die Here se hande.

Ja, wie sou kon dink, hierdie tempel, Haggai se tempel, die ou tempeltjie wat hier staan, die groot dinge wat tog daar sou plaasvind. Wanneer die Gees op dieselfde fundamente werk, God se Woord, dan moet mense versigtig wees in hoe mense hulle oordeel. Al lyk die gebou nie altyd soos vroeër nie, al is daar sekere dinge wat ons in ons kerk-wees vandag anders moet doen as hoe dit vroeër was, hoe dit vroeër gedoen kon word, nuwe wyn vereis nuwe sakke (daarna het ons al wou kyk), ons kerk-wees kom dalk anders na vore in hoe ons werk, maar die feit van die fondament is ons troos, ons versterking, ons kan net op Een bou, op Hom ons Here Jesus Christus.

Later sien ons hoe het die tempel uit Sagaria en Haggai weer anders sou lyk, verandering is gedurig 'n realiteit, maar tog gebeur in die verandering die fundering. Salomo se tempel was anders, die tempel in Haggai se tyd lyk weer anders, Herodes, ja dink jou in hy wat die kindermoordenaar was, hy wat Jesus al as babatjie sou wou vermoor, sy tempel is weer

anders. Die twaalfjarige jong seun besoek die tempel en daar staan die leermeesters verstom oor wat hierdie Kind hulle in die tempel sou leer. Twintig jaar later staan Hy weer by hierdie tempel, weer is dit die Loofhuttefees en op die laaste dag van die fees, alles soos dit was op 18 Oktober 520v.C, die datum is nou net heel anders, dit is nou baie honderde jare later, maar weer vier die Jode die Loofhuttefees, weer breek die laaste dag van die fees aan soos Haggai op die laaste dag gepraat het, maar nou wat word nou gesê?! As die hoëpriester die kruik water as offer uitgiet, op daardie moment dan weerklink die stem diep in hulle midde- *As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!* **38** *Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei...* Op daardie plek waar Sagaria sou uitroep- moet die dag van klein dinge nie verag nie, kyk wat gebeur hier.

Watter geweldige herstel vind nou plaas, dit uit die herstelde bouvalle uit die tempel van Haggai. Wie het verwag dat dit sou kon gebeur? Dit vanuit die tempel waarop mense so neergesien het. Die klein dinge het tot groot dinge uitgegroeï. Watter belofte vir ons om aan vas te gryp. Twaalf bang manne, in mense se oë, ongeleerde vissermanne, wat sou hulle twaalf in die wêreld word. Die kerk van alle eeue! Dit alles omdat ons leef vanuit die Woord, ons is gedoop vanuit die Woord. God doen wat sy belofte is en God laat sy Gees besendig bly. Glo dit en leef daarby en sien raak raak wat word van die dag van klein dinge. Dit sal nog groter word, so groot dat dit nie beskryf kan word, dit wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens nog opgekom het nie, dit is wat God maak van dit wat mense noem, ag dit sommer niks, ag dit is 'n dag van klein dinge, moet dit nie geringag nie.

AMEN